BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 28 FEBRUARIE 2011 OM 10:10 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Rdl J Liebenberg	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl R van Rooy	[Onafhanklik]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl A de Vries	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee

ANDER RAADSLEDE

Rdl Me E Schreuder (DA)
Rdl Me S Crafford (DA)
Rdl D Mbabane (OD)

AMPTENARE:

Munisipale Bestuurder (wnd) / Municipal Manager (acting)
Direkteur Administratiewe Dienste / Director Administrative Services
Direkteur Finansiële Dienste / Director Financial Services
Direkteur Tegniese Dienste (wnd) / Director Technical Services (acting)
Hoof Beplanning en Ontwikkeling / Head : Town Planning and Development
Strategiese Bestuurder / Strategic Manager
Interne Ouditeur / Internal Auditor
Senior Klerk : Komiteedienste / Senior Clerk : Committee Services

1. OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME

Raadslid Mbabane open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)

Areabestuurder : Porterville

3. VERKLARING VAN BELANGE KRAGTENS PARAGRAAF 5 VAN SKEDULE 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)/DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF PARAGRAPH 5 OF SCHEDULE 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)

- Geen / None

4. BEKRAGTIGING EN BESPREKING VAN NOTULES / CONFIRMATION AND DISCUSSION OF THE MINUTES (3/3/2/2)

- Geen / None

5. VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6)

- Geen / None

6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)

6.1 AFVAARDIGING : ONTWIKKELAARS / EIENAARS VAN ERF 3274, PIKETBERG (PB 3274)

Die spreker gee ‘n historiese agtergrond met betrekking tot die Winkelshoekprojek en meld dat alle impakstudies en publieke deelname prosesse afgehandel is en dat die voetoorgang / voetgangerbrug al uitstaande item is.

Voorts noem die spreker dat die volgende by die Winkelshoekprojek beoog word, naamlik:

- 1 – Stop kompleks vir toerisme (op N7 roete);
- Vestiging van kleiner winkels;
- ‘n Vermaaklikheidsarea;
- Toerisme sentrum;
- Vragmotor – oornagfasiliteite; ensomeer.

Ten slotte meld die spreker dat hierdie ontwikkeling ‘n aanwins vir Piketberg se ekonomie sal wees.

Die Voorsitter bedank die spreker vir die insiggewende voorlegging.

(Die vergadering verdaag om 11:05 en hervat om 11:20)

7. DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)

7.1 VERHURING VAN MUNISIPALE GROND (7/2/3/2)

BK 3438 **BESLUIT**

1. Dat, indien Aurora Vrouenetwerk versoek om hul huidige huurkontrak te verleng, die Raad sy voorneme om die gedeelte van die gebou op Erf 175, Aurora aan die Aurora Vrouenetwerk te verhuur, adverteer en moontlike besware oorweeg en dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die huurkontrak met drie (3) jaar te verleng;

2. Dat Gedeelte A van Restant Erf 208, Aurora, ongeveer 1.8 ha groot, per publieke tender beskikbaar gestel word vir verhuring vir ‘n tydperk van drie (3) jaar;

3. Dat, indien Mnr A de Villiers (Sandveld Boeredienste) versoek om hul huidige huurkontrak te verleng, die Raad sy voorneme om die Gedeelte C (vliegveld) van Restant Erf 208, Aurora, aan Mnr A de Villiers (Sandveld Boeredienste) te verhuur, adverteer en moontlike besware oorweeg en dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die huurkontrak met drie (3) jaar te verleng; en

4. Dat die twee gedeeltes weiding van die plaas Grootte Fontein No. 241 Piketberg (Piketberg meentgrond), naamlik die gedeelte grensend aan die Meintjieskraal-pad en spoorlyn (ongeveer 5ha groot), asook die gedeelte grensend aan die N7 en stortingsterrein (ongeveer 30ha groot) per publieke tender beskikbaar gestel word vir verhuring vir ‘n tydperk van drie (3) jaar.

7.2 **APPLICATION FOR REZONING, DEPARTURE AND CONSENT USE : ERF 3274, PIKETBERG (PB 3274)**

BK 3439 **RESOLVED**

1. That the application for rezoning in terms of section 17 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) of Erf 3274, Piketberg from: the larger portion of Erf 3274, Piketberg from General Industrial Zone to Local Business Zone; the rezoning of a portion of the site from General Industrial Zone to Service Station Zone; and the rezoning of a portion of the site from General Industrial Zone to Commercial Zone, reasonably in accordance with revised Drawings No. A/100.001 & A/100.501 dated 20 June 2010, **be approved**, subject to:

   1.1 The conditions contained in the District Roads Engineer's letter referenced MT.23/3/2-12908 dated 29 July 2010, Provincial Department of Environmental Affairs and Development Planning's letter referenced E12/2/3/1.F1/11-0555/08 dated 22 November 2010 as well as Heritage Western Cape's letter referenced HM/Erf 3274 PIKETBERG dated 30 July 2009;

   1.2 The conditions contained in this Municipality's engineering department's letter referenced 15/3/4 dated 26 October 2009; in addition to this the developer will be responsible for the provision and upgrading of all services and infrastructure, as negotiated and agreed upon between the developer and the Municipality's Directorate Technical Services by means of a services agreement;

   1.3 That the location and layout of the truck-stop facility be clearly stipulated in the said drawings;

2. That the application for departure in terms of section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) for a nursery in the Local Business Zone, **be approved**;

3. That the application for consent to operate a licensed hotel and a place of entertainment (the keeping of small farm animals) in the local Business Zone, **be approved**.

4. That the objections not be upheld as the procedural/legal aspects have been appropriately addressed, aspects such as traffic impact have been addressed by the relevant state departments and protection against trade competition cannot legally be used as a reason to refuse an application in terms of Ordinance 15 of 1985;

5. That the Winkelshoek developers establish an office for tourism and make provision for water for agricultural use as their social responsibility; and

6. That satisfactory arrangements be submitted to Council regarding the pedestrian bridge/crossings or alternative.

7.3 **SLOPING : DUNN'S CASTLE EN ANDER KOMPLEKSE (STAANDE ITEM) (15/4/3)**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste meld dat 'n vergadering gehou sal word met betrekking tot bogenoemde aangeleenthede vir bywoning deur alle belanghebbende staatsdepartemente en Weskus Distriksmunisipaliteit.

KENNIS GENEEM

7.4 **WYSIGING VAN STANDPLAAS : HOOF : MENSLIKE HULPBRONBESTUUR (PERS)**
(Die verslag word as 'n dringende item ter tafel gelê)

BK 3440 **BESLUIT**

1. Dat Me A Delport, Hoof: Menslike Hulpbronbestuur se standplaas (tans slegs Piketberg) gewysig word, deurdat sy gemiddeld twee dae per week in Velddrif gesetel sal wees, met dien verstande dat hierdie gewysigde reëling geen bykomende finansiële uitgawes vir die munisipaliteit sal behels nie;

2. Dat hierdie reëlings kontraktueel bevestig word by wyse van 'n addendum tot Me A Delport se aanstellingsbrief; en

3. Dat 'n konsepbeleid oor standplase van werknemers, vervoerreëlings, vestiging, behuising, pendelkoste, ensovoorts so spoedig moontlik voorgelê word.

7.5 **MAKROSTRUKTUUR STRATEGIESE DIREKTEUR BYVOEGING (4/1/1/2)**

BK 3441 **BESLUIT**

Dat die item met betrekking tot die Makrostruktuur Strategiese Direkteur Byvoeging oorstaan.

8. AFDELING A: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A: EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE

8.1 AANBEVELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

8.1.1 REVISED STRATEGIC SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION (SDBIP) (5/1/B)

BK 3442 **RESOLVED TO RECOMMEND**

That the revised Top Level SDBIP 2010/11 be approved by Council.

8.2 BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS / RESOLUTIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED

8.3 VERSLAE VAN DIE WYKSKOMITEES AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER TER OORWEGING / REPORTS FROM THE WARD COMMITTEES FOR CONSIDERATION BY THE EXECUTIVE MAYOR

- Geen / None

8.4 NOTULES VAN DIE VERGADERINGS VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VOORGELÊ VIR KENNISNAME DEUR DIE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE BID ADJUDICATION COMMITTEE TABLED TO THE MAYORAL COMMITTEE FOR INFORMATION

- Geen / None

9. AFDELING B : IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION C : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)

9.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD/RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

- Geen / None

9.2 BESLUITE VAN DIE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS / RESOLUTIONS OF THE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED

- Geen / None

9.3 NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERINGS VIR OORWEGING EN KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE TRAINING COMMITTEE MEETINGS TABLED TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION / INFORMATION

- Geen / None

9.4 NOTULE VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERINGS VIR OORWEGING/ KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE LOCAL LABOUR FORUM MEETINGS TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION/INFORMATION

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:50

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE

_____ _____

VOORSITTER ***DATUM***
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)